

Gesels saam

GRAAD 4-6

WELKOM

Vra vir die jongmense om hulle Bybels oop te maak. Laat dié wat nie 'n Bybel daar het nie by 'n maat kyk. Hou nou 'n vinnige vasvra om die gesprek aan die gang te kry. Hier is voorbeelde van vrae:

- Hoeveel boeke is daar in die Bybel? (66)
- Hoeveel Testamente is daar? (2)
- Hoeveel hoofstukke het die Psalms? (150)
- Hoeveel verse het Psalm 119? (176)

WONDER

Lees 2 Timoteus 3:14-16 saam.

Gesels saam:

- Wat beteken dit dat die Bybel deur God geïnspireer is? Het God die Bybel self geskryf?

God het die Bybel nie self geskryf nie, maar Hy het mense geïnspireer om dit te skryf. Die Bybel help ons om te weet wat reg en verkeerd is. Dit gee aan ons moed wanneer die lewe moeilik is. God kan deur sy Gees hierdie ou verhale en briewe met ons laat praat, vandag nog.

WEES

Steek 'n verskeidenheid boeke van verskillende genres in die ontmoetingsruimte weg. Dink aan digbundels, fiksie, nie-fiksie, woordeboeke, en so meer. Plak voor die tyd op die rugkante van die boeke die name van die Bybelboeke met wondergom vas. Laat die kinders op 'n skattejag gaan om die boeke te soek. Hulle moet dan probeer om die boeke te rangskik in die volgorde waarin dit in die Bybel staan.

Gebruik die beeld van die boeke met verskillende genres om vir die jongmense te verduidelik dat die Bybel ook soos 'n versameling verskillende boeke is wat oor verskillende temas handel en verskillende geskryf is. Party boeke, soos die Psalms, is in gedigvorm geskryf en ons sal dit anders lees as Genesis, wat amper soos 'n geskiedenisboek is en op verhale oor God fokus.

Vat hierdie inligting saam deur vir die jongmense te vertel dat die Bybel 'n samestelling van 'n klomp losstaande boeke is. En al lees ons elke boek in die Bybel 'n bietjie anders, vertel elke boek vir ons iets oor God en sy liefde vir ons, sy kinders. Daarom kan die Bybel ons vandag nog help om die regte besluite te neem en om te hoor wat God vir ons wil sê.